Vrydag 10 April

Skrifgedeelte: Genesis 18:16-33

Fokusgedeelte: Genesis 18:32

God se genade gee ons vrymoedigheid om ook vir ander vir genade te pleit

Sonder dat Abraham dit verdien het, en sonder dat Abraham na die Here gesoek het, het die Here nogtans aan hom genade bewys. God het aan Abraham, 'n sondaarmens, genade bewys deur hom te kies, deur hom op te soek, en deur met hom en sy nageslag 'n genadeverbond op te rig. In hierdie genadeverbond maak God ook wonderlike beloftes aan Abraham en sy nageslag (en dus aan alle gelowiges) en God doen dit alles uit genade!

Wanneer 'n mens eers die Here se genade so beleef het, dan wil mens dat ander dit ook beleef. En daarom pleit Abraham vir genade vir Sodom en Gomorra, ter wille van regverdiges wat nog in die stad mag wees. En weereens wys God sy genade teenoor sondaarmense, as Hy sê dat Hy selfs net vir 10 regverdiges altwee stede sal spaar! Ongelukkig was daar nie eers 10 regverdiges in beide die stede nie, en daarom word Sodom en Gomorra uiteindelik verwoes, want God is ook regverdig en Hy moet sondes straf.

Net soos aan Abraham, het God ook aan ons oneindige groot genade bewys, al het ons dit nie verdien nie. Ons sou vanweë ons sondes ook soos Sodom en Gomorra gestraf moes word, maar God het ons straf volledig op Jesus laat afkom, sodat ons God se straf kan vryspring. Aan die kruis het Jesus geen genade ontvang nie, sodat ek en jy genade onbeskryflik groot kan ontvang. As jy werklik hierdie genade verstaan en ervaar het, dan word ons self ook meer genadig teenoor ander. Dan bid ons vir hulle vir genade, selfs al verdien hulle dit nie, want ons het dit ook nie verdien nie.

*Sing: Psalm 116-1:7*

*Ds. LM (Marcel) Floor (Wapadrant)*